# Skaars wild lewer bykans R28,8 miljoen omset

**Verskeie rekords is opgestel tydens die Soutpansberg Skaarswild Studiegroep se jaarlikse veiling op 10 Augustus op Alldays. Die veiling het 'n totale omset van bykans R28,8 miljoen opgelewer.**

Daar was 'n goeie aanbod van uitstaande skaarswild wat derhalwe kopers van so ver as die Oos-Kaap, Vryburg en Malelane gelok het.

Die rekord vir swartwitpensverse is twee keer tydens die veiling verbeter tot R450 000. Die 11 verse verkoop vir 'n gemiddeld van R362 728, met die ou rekord vir 'n enkele vers wat gestaan het op R440 000. Daar is ook twee rekords verbeter op Kruger buffels, naamlik R760 000 (vanaf R660 000) vir 'n vers en R775 000 (vanaf R630 000) vir 'n koei en kalf.

In die hokveiling vir teelgroepe behaal buffelverse 'n gemiddelde prys van R300 000 (hoogste R325 000), terwyl koedoes gedek deur 'n wit bul vir 'n gemiddelde prys van R8 000 onder die hamer kom. Livingstone elande en Livingstone elandkoeie verkoop onderskeidelik vir 'n gemiddeld van R22 000 en R33 567 (hoogste R45 000).

Een swartwitpenskoei verkoop vir R270 000, terwyl Zambiese kruis-swartwitpenskoeie verkoop vir R370 000. Die gemiddelde pryse van Zambiese kruis-swartwitpensverse, buffelkoeie, wit koedoekoeie en wit split koedoeverse was onderskeidelik R306 429 (hoogste R325 000), R362 5000 (hoogste R375 000), R224 000 (hoogste R350 000) en R14 000.

In die hokveiling vir manlik diere verkoop buffelbulle vir 'n gemiddelde prys van R97 500 (hoogste R120 000), met Livingstone elandbulle en jong Livingstone elandbulle wat onderskeidelik verkoop vir 'n gemiddeld van R30 429 (hoogste R50 000) en R110 000 (hoogste R120 000). Jong njalabulle, volwasse swartwitpensbulle en jong swartwitpensbulle behaal onderskeidelik gemiddelde pryse van R7 917 (hoogste R10 000), R58 688 (hoogste R180 000) en R23 200 (hoogste R50 000). Zambiese swartwitpens kruis-bulle verkoop vir R23 067 (hoogste R37 000).

In die katalogusveiling vir teelgroepe verkoop bastergemsbokverse vir 'n gemiddeld van R200 000, met basterhartbeeste en gemsbokke gedek deur goue bulle wat vir 'n gemiddeld van onderskeidelik R18 125 (hoogste R20 000) en R25 000 onder die hamer kom. Een buffelkoei en een buffelvers verkoop onderskeidelik vir R400 000 en R760 000 elk, terwyl njalas, witrenosters en rooibokke gedek deur 'n swart ram verkoop vir gemiddelde pryse van onderskeidelik R6 893 (hoogste R7 750), R202 500 (hoogste R220 000) en R5 500 (hoogste R7 500). Split rooibokooie, swartwitpense, buffelkoeie met kalwers en dragtige buffelkoeie se gemiddelde pryse was onderskeidelik R9 750 (hoogste R10 000), R330 000, R687 500 (hoogste R775 000) en R430 000 (hoogste R690 000). Een buffelkoei verkoop vir R300 000. Swartwitpenskoeie en goue wildebeeste verkoop onderskeidelik vir gemiddelde pryse van R460 000 en R350 000.

Wat die katalogusveiling vir manlike diere betref, verkoop een jong buffelbul vir R235 000 en een witrenosterbul vir R290 000. Volwasse buffelbulle, njalabulle en volwasse swartwitpensbulle word vir gemiddelde pryse van onderskeidelik R745 000 (hoogste R1,4 miljoen), R13 000 (hoogste R14 000) en R450 000 verkoop. Swart rooibokramme behaal 'n gemiddelde prys van R151 111 (hoogste R220 000).

Die veiling is aangebied deur Vleissentraal Bosveld, met mnr. Willie Roux as afslaer. (LiN Nuus / Zoutpansberger)

# Thabazimbi Wildlife Service veiling by Skou

**THABAZIMBI - Thabazimbi Wildlife Services het op Vrydag 27 Julie hul wildveiling tydens die Landbou- en Nywerheidskou aangebied.**

Die gemiddelde pryse vir vroulike teelgroep diere op hok was as volg: 19 blesbokke teen R1724, 65 blouwildebeeste teen R1996, 4 bosbokke teen R7000, 17 elande teen R5541, 2 emoes teen R1300, 5 kameelperde teen R18600, 17 koedoes teen R2506, 160 rooibokke teen R966, 3 rooihartbeeste teen R6100, 19 sebras teen R4084, 10 hartwater springbokke teen R12500, 6 swart hartwater springbokke teen R15000, 8 wit springbokke teen R8500, 6 volstruise teen R2500 en 3 waterbokke teen R4300.

Die manlike diere op hok het die volgende gemiddelde pryse behaal: 3 bosbokke teen R4300, 4 elande teen R10250, 6 koedoes teen R8125, 4 njalas teen R12250, 1 rooibok teen R1300, 3 swartwitpense teen R21000, 4 jong swartwitpense teen R17000 en 1 waterbok teen R8500. Die omset was R1 275 400.

Niel Swart van Vleissentraal Bosveld was die afslaer.



*'n Njalabul met 'n horinglengte van 29" is verkoop vir 'n bedrag van R30000.*

# Droogte knou veiling

**ALLDAYS - Die ernstige droogte, veral noord van die Soutpansberge, is so ernstig dat mnr Goosen van Hanley Wildlife Services sy laaste twee veilings gekanselleer het omdat boere net nie meer wild kan koop nie.**

Hy het dus nie 'n groot aantal wild by die Alldays veilingskrale op Vrydag 27 Julie aangebied nie, en daar was nie baie kopers nie. Die pryse was dus ook nie baie goed nie.

Die gemiddelde pryse vir die diere op veiling was: 17 blouwildebeeste teen R1976, 10 gemsbokke teen R5225, 23 koedoes teen R2078, 6 njalas teen R5250, 55 rooibokke teen R769, 2 sebras teen R6000 en 8 waterbokke teen R2400. Die gemiddelde pryse vir die manlike diere was: 6 blouwildebeeste teen R2525, 9 koedoes teen R7000, 2 rooihartbeeste teen R7500 en 1 waterbok teen R5500.

Die omset was R337 300.

Die Kwêvoël
ADVERTENSIES

CHARL 078 043 8090

**KENNISGEWING TER AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING**

Kennis word hiermee gegee dat 'n aansoek om omgewingsmagtiging in terme van die Omgewingsimpakstudie Regulasies van 2010 (Regulasies in terme van Hoofstuk 5 van die Nasionale Omgewingsbestuurswet, soos gewysig) ingedien is by die Limpopo Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing en Toerisme (LEDET). Die aktiwiteit vereis dat die aansoek onderwerp word aan 'n Omvangsbepalings- en Omgewingsimpakproses, soos vereis deur Afdeling 26 tot 35 van Staatskennisgewing R. 543 van die Omgewingsimpakstudie Regulasies van Desember 2010.

**Verwysingsnommer:** 12/1/9/2-W26 & NEAS verwysingsnommer: LIM/EIA/0000399/2012.

**Aansoeker:** Sishen Iron Ore Company (Pty) Ltd

**Projek Naam:** Verlenging van Mynleeftyd vir Thabazimbi Myn.

**Projek Ligging:** Myn eiendom, insluitende die volgende plase: Donkerpoort 344 KQ oorblywende deel van gedeelte 10, Kwaggashoek 345 KQ restant gedeelte, Wachteenbietjesdraai 350 KQ oorblywende deel van gedeelte 1-3 & 5, 12, Wachteenbietjesdraai 350 KQ gedeeltes 4 & 9, 13, 40, 46, die res van Buffelshoek 351 KQ, Buffelshoek 351 KQ oorblywende gedeelte van gedeelte 1, Buffelshoek 351 KQ gedeelte 2 & 3, Grootfontein 352 KQ oorblywende deel van gedeelte 1, Mooivallei 342 KQ gedeelte 12.

Projek Beskrywing: Kumba ondersoek tans moontlikhede om die mynleeftyd met minstens 20 jaar te verleng deur die ontginning van die groot laegraadse ystererts bronne in die vorm van gebande ysterklip formasies. Die huidige operasionele aanleg by Thabazimbi is nie toegerus om die gebande ysterklip te behandel wat vir die Phoenix aanleg bestem is nie.

Projek Phoenix sluit die volgende aktiwiteite in: Ondergrondse eksplorasie, twee oopgroef areas (huidiglik Vanderbijl groef en Soewerein Heuwel), addisionele afval rots hope en aanleg stortingsterrein(e), grootmaat monsterneming ('n totaal van ±750 000t - bolaag en erts ingesluit), onderhouds-werkswinkel, brandstof stoor, loodsaanlegte, toegangs- en swaarvoertuigpaaie, kraglyne, nuwe slikdam, slik en hersirkuleringswater pyplyne, hersirkuleringswaterdam (hersiening van Waterlisensie), moontlike konstruksie van 'n brug oor 'n nasionale pad om die oostelike en westelike areas te verbind, nuwe uitlaai stasie, nuwe sylyn, produk beddens en stormwater bestuurstelsel. Al die bogenoemde aktiwiteite sal in die bestaande lisensie area van die myn plaasvind.

**Aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word:**

| | | |
|---|---|---|
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | Konstruksie van pyplyne, bestaande uit twee slik- en een hersirkuleringswaterpyp, met 'n deursnee van 150mm elk en 'n lengte van ongeveer 6km, met die doel om slik vanaf die nuwe aanleg na die slikdam en hersirkuleringswater vanaf die slikdam na die hersirkulasiedam te vervoer. |
| | | Konstruksie van No. 5 slikdam (Phoenix slikdam) |
| R544, 18 Junie 2010 | 9 | Konstruksie van twee pyplyne, 150mm in deursnee en ongeveer 6km in lengte, wat slik vanaf die nuwe aanleg na die slikdam vervoer; en een hersirkuleringspyplyn, 150mm in deursnee met 'n saamgestelde uitset van meer as 120ℓ per sekonde |
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | Vervoerbande wat erts vanaf die aanleg se uitlaai stasie vir ongeveer 1km na die vergruiser vervoer en die Rooikuilspruit oorkruis. Die vervoerband oorkruis weer die Rooikuilspruit om erts tusssen die vergruiser en die aanleg te vervoer. Die totale lengte van die vervoerband is ongeveer 4km. |
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | Gelykmaking van die Rooikuilspruit bedding om die water vloei te verbeter, asook voering van die Rooikuilspruit om syfering vanaf die spruit na Van der Bijl groef te voorkom. |
| R544, 18 Junie 2010 | 18 | |
| R544, 18 Junie 2010 | 10 | Konstruksie van 'n 132kV kraglyn wat die Rooikuilspruit sal oorkruis. Die roete, lengte en serwituut wydte sal die onderwerp van 'n alternatiewe assesering wees. |
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | 'n Brug wat die R510 suid van Thabazimbi oorkruis om toegang vanaf Van der Bijl groef na Donkerpoort te voorsien. |
| R544, 18 Junie 2010 | 11 | |
| R544, Junie 2010 | 53 | Konstruksie van 'n addisionele spoorwegsylyn om die nuwe erts beddens te akkommodeer. |
| R544, 18 Junie 2010 | 47 | 6,5km se swaarvoertuigpaaie binne-in die myn area, met 'n breedte van 23m. Die paaie sal stormwater dreineringslyne oorkruis en vereis 'n Waterlisensie vir afdeling 21 c en i. |
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | |
| R545, 18 Junie 2010 | 5 | Verskeie bestaande en toekomstige infrastruktuur bv. sleep paaie, afvalrots hope en slikdamme wat stormwater dreineringslyne, met 'n oorsprong in die Kwaggashoek, Van der Bijl, Bobbejaanwater, Donkerpoort, Buffelshoek en Meyer myn areas, verander, benodig 'n waterlisensie. |

**Bogenoemde prosesse sal gedeeltelik ingelig word deur:** (1) Die uitvoer van Omgewingsimpakstudies;

**Waarna die uitslae gebruik sal word om:** (2) Die myn se Omgewingsbestuursplan, sluitingsplan, rehabilitasieplan en finansiële voorsiening te wysig.

**Uitnodiging om deelname:** Sou u wens om as geinteresseerde en geaffekteerde party te registreer of om kommentaar op hierdie aansoek te lewer, stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede, en belang in die saak in **skrif** aan die onderstaande adres voor **17 September 2012.**

**Publieke vergaderings:** Die publieke deelname vergadering sal plaasvind op die 4de September 2012, om 17:00, te Bioskoopsaal, Thabazimbi. R.S.V.P asseblief voor die 31de Augustus 2012.

**Onafhanklike Omgewingsimpakbepalingspraktisyn:**
Shangoni Management Services (Edms) Bpk.
Posbus 74726, Lynnwood Rif, Pretoria, 0040.
Kontakpersoon: Mev. Lee-Anne Fellowes

Tel: (012) 807 7036, Selnr: 082 456 3208, Faks: (012) 807 1014, Faks na E-pos: 086 639 7956,
E-pos: leeanne@shangoni.co.za. Vir aanlyn-deelname, besoek www.shangoni.co.za en kies die Publieke Deelname opsie.